higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE CERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

3 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 D
1.1.2 E
1.1.3 J
1.1.4 L
1.1.5 A
1.1.6 G
1.1.7 B
1.1.8 I
1.1.9 O
1.1.10 N

(10 × 2) (20)

1.2
1.2.1 Waar

1.2.2 Waar

1.2.3 Onwaar✓
Rasisme verwys na enige vorm van rasgebaseerde diskriminasie.✓

OF

Seksisme verwys na enige vorm van diskriminasie op grond van geslag.

1.2.4 Onwaar✓

'n Outokratiese ouer is streng en vereis blinde gehoorsaamheid van sy/haar kinders.✓

OF

'n Demokratiese ouer is regverdig en dwing respek af.

1.2.5 Onwaar✓
Meisies se taalvaardighede ontwikkel vroeër as dié van seuns.✓

1.2.6 Waar

1.2.7 Waar

(10 × 1) (10)

1.3 1.3.1 A
1.3.2 C
1.3.3 D
1.3.4 B
1.3.5 D
1.3.6 C
1.3.7 D
1.3.8 B
1.3.9 C
1.3.10 B

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 150

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die effek van goeie ouerskap:

- 'n Warm, sensitiewe en responsiewe ouerskapstyl bou die kind se sosio-emosionele ontwikkeling.
- Hou verband met hoër vlakke van prososiale gedrag.
- Verbeter kognitiewe empatiese vaardighede.
- Leer kinders om hul perspektiefvormende vaardighede te gebruik.
- Kinders reageer positief op ouerlike warmte en behulpsame gedrag.
- Om vir 'n kind te verduidelik waarom sy/haar gedrag gewens is, sal dit aanmoedig.
- Samewerking tussen ouers beperk gedragsprobleme.
- Voorsien 'n gevoel van gesinsekuriteit vir jong kinders.
- Bevorder kinders se vermoë om te leer en betrokke te raak by prososiale gedrag.

Die effek van swak ouerskap:

- Bestraffende ouerskapspraktyke lei tot laer vlakke van prososiale gedrag.
- As prososiale gedrag op kinders afgedwing word, voldoen hulle net aan die eise omdat hulle gedwing word.
- Magsmisbruik, selfgeldende en negatiewe dissiplinêre maatreëls verminder prososiale gedrag.
- Onverklaarde straf lei daartoe dat kinders slegs prososiaal reageer om straf te vermy.
- Verhoogde gebruik van belonings om prososiale gedrag teweeg te bring lei tot lae vlakke van prososiale gedrag.
- Lae vlakke van ouersamewerking lei tot lae vlakke van prososiale gedrag by kinders. (Enige geskikte 5 × 2) (10)

2.2
- Help jou om jouself en jou persoonlike doelwitte beter te verstaan.
- Ontwikkel vaardighede om verhoudings en sosiale interaksie te verbeter.
- Help om probleme soos eetversteurings, depressie en kompulsiewe gewoontes te oorkom.
- Het minder newe-effekte as medikasie.
- Help mense om antwoorde op probleme te vind.
- Bevorder positiewe denke.
- Leer mense om hul emosies effektief te bestuur.
- Bevorder geestesgesondheid en verbeter buie.
- Maak beter kommunikasie moontlik.
- Help mense om oor hul probleme te praat en hul gevoelens uit te druk sodat hulle minder belas voel.
- Terapeute is gekwalifiseerde, professionele persone wie se advies objektief is. (Enige 3 × 2) (6)

2.3
- Moet aandag gee aan die gedrag van modelle rondom hulle.
- Moet inligting in die geheue stoor (waargenome gedrag en simboliese voorstellings onthou).
- Moet die gedrag kan namaak.
- Moet gemotiveer word om ook so op te tree (4 × 2) (8)

2.4
2.4.1 Sanguinies
2.4.2 Melancholies
2.4.3 Choleries
2.4.4 Flegmaties
(4 × 1) (4)

2.5 2.5.1 'n Portuurgroep is die groep kinders met wie 'n kind meestal assosieer. Hulle het dikwels (maar nie noodwendig nie) dieselfde ouderdom, sosiale status, vermoëns, belange en agtergrond en speel 'n rol in die vorming van die kind se gedrag en oortuigings.

OF

'n Portuurgroep bestaan uit die kind se sosiale gelykes. Hulle is ander kinders wat op die kind se vlak met hom/haar kommunikeer al is hulle nie noodwendig ewe oud nie.

2.5.2 Prososiale gedrag is gedrag wat vriendskap en sosiale interaksie aanmoedig. (2 × 2) (8)

2.6
- Dit help om kinders se literêre vaardighede op 'n aangename manier te ontwikkel.
- Saamlees versterk die band tussen die ouer en kind.
- Dit bevorder taal-, geletterdheids- en breinontwikkeling.
- Dit prikkel die kind se verbeelding.
- Dit gee die kind 'n veilige manier om sterk emosies te verken.
- Dit help om die beskikbare geslagsopsies in die samelewing te definieer.
- Dit beskryf aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag. (Enige 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.7
- Laat kinders toe om morele oordele in werklike situasies te maak.
- Leer kinders die konsepte van geregtigheid, regte, gelykheid en welsyn.
- Sorg van vroeg af vir ervarings wat goed en sleg bevorder.
- Help kinders om die rede vir reëls te verstaan
- Probeer konfliksituasies vanuit die kind se perspektief verstaan; wees geduldig maar ferm.
- Maak reëls en skep 'n kultuur van gehoorsaamheid.
- Gebruik kinderliteratuur om 'n simpatieke geaardheid te bevorder.
- Positiewe versterking: modelleer simpatieke dade, moedig dit aan en beloon dit.
- Verantwoordelikheid: Laat kinders help met die versorging van diere; dit bevorder 'n simpatieke geaardheid. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Kinders kan taalprobleme hê omdat gesinne hul daaglikse finansiële verantwoordelikhede bo hul kinders se opvoedkundige behoeftes stel.
- Kinders is minder kreatief en toon minder inisiatief en swak taalontwikkeling.
- Hulle toon minder belangstelling in akademie op skool.
- Swak taalontwikkeling lei tot swak akademiese prestasie.
- Beide ouers werk en is besig met daaglikse verpligtinge – het min tyd vir interaksie met hul kinders.
- Moeders uit 'n lae sosio-ekonomiese klas gee hulle kinders bevele en skryf vir hulle voor hoe om op te tree.
- Ouers gebruik 'n klein woordeskat en gee opdragte eerder as om gesprek te voer. (Enige 2 × 2)

3.1.2
- Lede van gemiddelde sosio-ekonomiese gesinne is geneig om hard te werk om hulle doelwitte te bereik.
- Kinders geniet dikwels hul ouers of versorgers se ondersteuning.
- Die aktiewe verhoudings in hierdie gesinne bevorder kommunikasie en begrip van die waarde daarvan.
- Moeders van die gemiddelde sosio-ekonomiese klas help en ondersteun hul kinders; dit lei tot begrip van die onderliggende beginsels. (Enige 2 × 2)

3.1.3
- Kinders het bogemiddelde verbale vaardighede en 'n groot woordeskat.
- Ouers beskou onderwys as belangrik en het die nodige fondse om dit te voorsien.
- Kinders praat vroeër en druk hulle beter uit omdat hulle meer aanmoediging en ondersteuning van hul ouers ontvang.
- Hulle word aan meer plekke blootgestel en ervaar meer dinge.
- Hulle het meer geleentheid om na meer boeke te kyk, daarom is hulle kognitiewe vaardighede beter.
- Hulle het die finansiële hulpbronne om te verseker dat hulle alle aspekte van vroeë kinderontwikkeling aanspreek.
- Hulle het goeie ouer-kindverhoudings, want ouers is minder besig om in behoeftes te voorsien.
- Ouers is ook dikwels professionele persone wat die waarde van gehalte-onderwys verstaan. (Enige 2 × 2)

(3 × 4) (12)

3.2
- Rig 'n kind se ontwikkeling op 'n bestendige en aanvaarbare wyse.
- Is regverdig en bevorder wedersydse respek tussen ouer en kind.
- Aanvaar die kind soos hy/sy is – met al sy/haar talente en tekortkominge.
- Behandel kinders diplomaties en met respek.
- Gee kinders keuses en hou hulle verantwoordelik vir hulle keuses.
- Verstaan die kind se gedrag, gedagtes en gevoelens.
- Luister wat die kind te sê het.
- Probeer om 'n situasie te verstaan voordat die kind gestraf word.
- Help die kind om meer onafhanklik en verantwoordelik te word.

(Enige 5 × 2) (10)

3.3
- Swak spierkoördinasie van die tong
- Strukturele probleme
- Serebrale gestremdheid
- Gesplete verhemelte
- Tandekry
- Gehoorgestremdheid/Gehoorgebrek
- Organiese tekorte (Enige 3 × 1) (3)

3.4 3.4.1 Babas herhaal of eggo geluide of woorde meer doelgerig as in die 'lulling' stadium. 'n Ouer sê byvoorbeeld, 'ba-ba', en die baba sê 'ba-ba'.

OF

Van 9 tot 10 maande boots babas woorde en klanke na sonder om die betekenis te verstaan.

3.4.2 *Lulling:* Van ongeveer 7–8 maande af herhaal babas woorde of klanke en gebare wat hulle gehoor het; dikwels verkeerd.

3.4.3 *Koer* verwys na die murmelende geluide wat 'n baba maak wanneer hy/sy tevrede, gelukkig of opgewonde is en wil aandag hê.

(Enige 3 × 2) (6)

3.5 3.5.1 Outisme (1)

3.5.2
- Toon belangstelling in 'n spesifieke onderwerp
- Het stereotiperende liggaamsbewegings, bv. fladderende hande, loop op die tone en draai in die rondte.
- Verhoogde sensitiwiteit vir klanke en teksture; harde klanke en geluide ontstel hulle byvoorbeeld.
- Sukkel met sosiale interaksie.
- Sukkel om gevoelens te toon en ander se gevoelens te verstaan
- Gebrekkige en ongewone verbale en nieverbale kommunikasie
- Sukkel om te praat; party praat glad nie
- Doen herhaaldelik ongewone dinge
- Doen dieselfde dinge oor en oor
- Kan nie verbande raaksien wat ander kinders maklik sien nie
- Sukkel om te leer wat woorde beteken.
- Sukkel om by verandering aan te pas, byvoorbeeld om nuwe kosse te proe of om met 'n tydelike onderwyser reg te kom.
- Kan sukkel om vriende te maak; kan bv. onbeheerde woede-uitbarstings kry (Enige 4 × 1) (4)

3.5.3
- Oorerflikheid
- Omgewingsfaktore, bv. blootstelling aan virusse en gifstowwe tydens swangerskap
- Die voorgeboortelike omgewing, bv. ouer ouers met diabetes, of 'n ma wat tydens die swangerskap psigiatriese middels gebruik
- Prenatale virusinfeksies
- Die moeder se gesondheid, bv. skildklierprobleme, diabetes, vetsug tydens swangerskap
- Ouers of 'n ma wat gespanne is
- Diagnostiese ultraklank tydens swangerskap
- Die postnatale omgewing, bv. allergieë, blootstelling aan dwelms, infeksies, sekere kosse of swaar metale
- Probleme tydens geboorte
- Ontwrigting van vroeë breinontwikkeling in die baarmoeder

(Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

3.5.4
- Begin behandeling so vroeg as moontlik.
- Gedragsterapie: Die gebruik van belonings ondersteun positiewe gedrag en verminder probleemgedrag.
- Spraakterapie: Gebruik die kind se funksionele vermoëns (help kinders om woorde te sê en te verstaan).
- Arbeidsterapie: Help kinders met balans, koördinasie en handskrif.
- Sosialevaardigheidsterapie: Bevorder taal en help kinders om te leer hoe om met ander te praat en te speel.
- Opvoedkundige intervensies: Verkry skoolpersoneel se hulp met akademiese vakke.
- Medikasie vir probleme soos hiperaktiwiteit.
- Ander soorte terapie, byvoorbeeld dieet, musiek en kunsterapie.
- Spesialiste kan in 'n span saam werk; 'n sielkundige, spraakterapeut, arbeidsterapeut en onderwyser kan byvoorbeeld as 'n span aan 'n oplossing werk.
- Struktureer onderrig om te voorsien in die kind se unieke behoeftes. (Enige 5 × 1) (5)

3.6 Nie-verbale kommunikasie verwys na kommunikasie wat nie woorde gebruik nie, bv. gesigsuitdrukkings, stemtoon, liggaamsbewegings, postuur en gebare.

Verbale kommunikasie verwys na die proses om boodskappe te stuur en te ontvang deur gebruik te maak van woorde, insluitende skryf- en gebaretaal.

OF

Verbale kommunikasie verwys na woorde wat in spraak gebruik word. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Hulle kan selfbewus en ongemaklik voel oor die veranderinge, veral as dit vroeër of later plaasvind as dié van hul portuurgroep.
- Frustrasie, teleurstelling en jaloesie omdat die ontwikkelingstempo verskil
- Hulle voorkoms kan hulle gespanne en obsessief maak.
- Hulle kan onttrek as hulle geterg word of gespot word oor hul liggaamlike veranderinge.
- Hulle voel tegelykertyd verwonderd, trots en bly, en onseker, skaam en afkerig.
- Dit kan 'n ongelukkige tydperk wees, en hulle kan probeer om met dagdrome te ontvlug, of hulle kan van selfmoord praat.
- Vinnige groei en veranderinge tydens puberteit lei tot moegheid en knorrigheid, wat veroorsaak dat familie, onderwysers en die portuurgroep minder van hulle hou.
- Die fisiese veranderinge beïnvloed hulle selfbeeld. Hulle spandeer ure voor die spieël en probeer om gewoond te raak aan hul nuwe voorkoms.
- Hulle voel maklik selfbewus en verveeld. (Enige 3 × 2) (6)

4.1.2

- Wees 'n rolmodel vir die vorming en instandhouding van positiewe verhoudings.
- Leer die adolessent se vriende ken.
- Maak tyd om te luister as die adolessent oor sy of haar gevoelens praat.
- Wees eksplisiet en oop oor jou gevoelens.
- Wees 'n rolmodel vir die positiewe hantering van moeilike emosies.
- Praat oor verhoudings, seks en seksualiteit.
- Fokus op niefisiese aspekte. (Enige 3 × 2) (6)

4.1.3

- Sosiale probleme, bv. tienerswangerskap, seksuele misbruik, uitbuiting van adolessente meisies deur seuns en mans, afknouery
- Fisiese probleme, bv. seksueel oordraagbare infeksies en siektes soos gonorree, herpes, MIV/VIGS
- Sielkundige probleme, bv. skuld en 'n swak selfbeeld, dink so dikwels aan seksualiteit dat dit inmeng met akademiese en sosiale verantwoordelikhede
- Ekonomiese probleme, bv. die finansiële koste om 'n kind groot te maak as swangerskap voorkom (Enige 3 × 1) (3)

4.2 4.2.1 'n Kerngesin is 'n man en vrou met ongetroude kinders wat saam in een eenheid woon.

OF

'n Kerngesin bestaan uit 'n man, 'n vrou en hul ongetroude kinders wat in een eenheid saam woon. (2)

4.2.2 'n Uitgebreide gesin is 'n gesin wat verder as die kerngesin strek. Dit bestaan uit mense wat nou verwant is aan mekaar en wat saam in dieselfde huis woon.

OF

'n Uitgebreide gesin is 'n gesin met baie familielede van verskeie geslagte wat saam woon. (2)

4.2.3 Voordele van 'n uitgebreide gesin:

- Die kind word aangemoedig om almal te respekteer.
- Kinders leer by ouer gesinslede van hul geskiedenis.
- Kinders kry 'n beter begrip van hul taal.
- Veelvoudige ouerskap: kinders voel nie eensaam nie omdat hulle tantes, ooms, ens. het.
- Hulle voel geliefd deur almal.
- Oorvloed kennis oor die lewe se orde en ongeskrewe reëls. Gesinne leer morele waardes en norme van verskillende mense.
- Gesinslede word blootgestel aan samewerking sodat hulle vir ander kan omgee wanneer hulle deel word van die gemeenskap.
- Gesinslede kan hul leierskapsvaardighede verbeter.
- Hulp is beskikbaar vir daaglikse aktiwiteite, bv. huiswerk en vervoer van kinders. Daar is 'n goeie ondersteuningstruktuur.
-

Nadele van 'n uitgebreide gesin:

- Minder privaatheid in groot gesinne.
- Die hoof van die gesin se besluite kan nie uitgedaag word nie.
- Kinders word deur grootouers bederf.
- Grootouers probeer keer dat ouers hul kinders dissiplineer.
- Rusies en konflik is onvermydelik. Kinders kan negatief daardeur beïnvloed word.
- Dit kan 'n chaotiese, gespanne omgewing wees: gesinslede met moeilike persoonlikhede sukkel met kommunikasie.
- Wrywing kan voorkom as gesinslede die kind kritiseer en ouers gesag uitoefen. (Enige 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.3 Psigososiale ontwikkeling:

- Kinders wat in armoede leef, het 'n groter risiko om gedrags- en emosionele probleme te hê.
- Hierdie probleme sluit in impulsiwiteit, probleme om oor die weg te kom met die portuurgroep, aggressie en aandagtekort-hiperaktiwiteits-versteuring (ADHD).
- Emosionele probleme kan angs, depressie, aggressie, uitbarstings en lae selfbeeld insluit.
- Kinders word negatief geraak as ouers as gevolg van armoede chroniese stres, depressie en huweliksprobleme ervaar.
- Onveilige woonbuurte stel kinders in huise met 'n lae inkomste bloot aan geweld en misbruik; dit kan in die toekoms lei tot gewelddadige gedrag.

Kognitiewe ontwikkeling:

- Hulle het beperkte aandagspan en kreatiewe vaardighede.
- Hulle funksioneer swak op die kognitiewe vlak.
- Hulle opvoedkundige vlak is kultureel anders.
- Hulle het min selfvertroue en dit word vererger deur mislukking.
- Hulle is ongemotiveerd.
- Hulle taalgebruik is swak as gevolg van agterstande.
- Hulle is gewoonlik nie op skoolgaande ouderdom gereed vir skool nie.
- Hulle is moreel en intellektueel arm.

Fisiese gesondheid:

- Swak voeding en gebrekkige toegang tot gesonde kos.
- Voedsel van swak gehalte lei tot oorgewig of vetsug.
- Chroniese probleme soos asma, anemie en longontsteking.
- Ondervoeding of klein etes met min voedingswaarde kan lei tot visuele en ouditiewe defekte, swak higiëne, mediese siektes (visuele/ouditiewe defekte) en swak gesondheids- en tandheelkundige sorg.
- Kinders is biologies verdwerg (lae geboortegewig), swak geklee, het gebrekkige mediese sorg en is ondervoed en honger.
- Hulle ervaar perseptuele defekte as gevolg van 'n gebrek aan oefening as gevolg van ondoeltreffende sorg. Hulle word nie aangemoedig om na iets relevants te kyk en te luister nie.

Huislike omgewing:

- Onstabiele huislike omgewing omdat hulle te veel trek.
- Ouers kan as gevolg van 'n oorlewingstryd aan depressie of angs ly; dit kan hul vermoë om ondersteunend en oplettend te wees beïnvloed.
- Kinders kom gewoonlik uit gebroke huise.
- Hulle het beperkte leefruimte om te speel en kry nie genoeg rus nie omdat die huis oorvol is.
- Daar is geen sterk rolmodelle vir identifikasie nie.
- Dit veroorsaak onstabiele interpersoonlike verhoudings.
- Hulle is kom uit behoeftige omgewings met min geleenthede.
- Hulle kry swak raad. Hulle dra dikwels huis- of woonstelsleutels om hul nekke of in hul skoolsakke omdat albei hul ouers werk.
- Onvoldoende of geen speelgoed nie

(Enige 5 × 2) (10)

4.4 4.4.1

- Kinders is ontwrigtend en weerstandig in die klas
- Lae selfbeeld
- Gebrek aan deursettingsvermoë en doelgerigtheid
- Sosiale isolasie
- Onwilligheid om risiko's te neem
- Konsekwente negatiewe houding teenoor die akademie
- Ongemak met kompetisie
- Swak vaardighede (Enige 5 × 1)

4.4.2

- Geen akademiese motivering nie
- Die omgewing stimuleer of koester nie die kind se vermoë nie en ontmoedig selfs prestasie
- Ongeskiktheid of leerprobleme
- Gebrek aan ouerlike ondersteuning vir skole en onderwysers
- Gebrek aan akademiese uitdagings, of te groot uitdagings
- Te veel druk op kinders (Enige 5 × 1)

4.4.3

- Ouers moet jong kinders se belangstelling stimuleer met belangstelling, aandag, opvoedkundige speelgoed, liedjies, boeke, speletjies en gesprekke.
- Daar moet 'n aangewese tyd vir huiswerk wees.
- Afleiding soos televisie, speletjies, sosiale media, musiek en die gewone kom en gaan van die gesin moet geminimaliseer word.
- Gee kinders leiding oor huiswerkure en leerstyle.
- Stel kinders bekend aan gereedskap wat kan help om sukses te behaal op skool, byvoorbeeld taaklyste en roosters
- Wees konsekwent met alle dissipline.
- Wees lief vir jou kind, ongeag hoe hy of sy op skool vaar.
- Skep 'n stimulerende omgewing gebaseer op luister, besluitneming en vraagstelling. (Enige 5 × 1)

(3 × 5) (15)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou